Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 45 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 55 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die artikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A: ARTIKEL

**MENEER REGRUK**
***'n Onderwyser duisend!***



1 Riyaadh Najaar (68) het in die Strand naby Kaapstad grootgeword. Hy is die oudste van vier kinders. Almal het hom Boeta genoem.

2 Riyaadh se pa was 'n godsdiensleier *(religious leader)* en sy ma was 'n onderwyseres. Hy sê die grootste lesse wat hy by sy ouers geleer het, was om altyd eerlik te wees en dinge reg te doen.

3 Riyaadh was 'n leerder aan Hoërskool Harold Cressy in Distrik Ses. Victor Richie, wat sy skoolhoof was, was 'n baie goeie onderwyser. Hý het Riyaadh laat besluit om ook 'n onderwyser te word.

4 Na matriek het Riyaadh onderwys aan die Hewat Onderwyskollege in Athlone gaan studeer. Sy vakke was Geskiedenis, Geografie, Engels Huistaal en Afrikaans Addisionele Taal. Sy eerste onderwyspos was in 1976 by Hoërskool Peninsula Suid. Dit was die begin van 'n baie suksesvolle onderwysloopbaan *(teaching career).*

5 In 1984 is Riyaadh na Hoërskool Spine Road oorgeplaas. Hy het diep spore by hierdie skool getrap. In 1993 het hy hoof geword en daar gebly totdat hy in 2018 afgetree het *(retired).* In sy 25 jaar as hoof van Spine Road het dit een van die gebied se topskole geword.

6 Riyaadh was 'n uitstekende hoof. Hy glo 'n skool se onderwysers is die sleutel tot 'n skool se sukses. Dit is húlle wat die kinders reg moet lei en in hulleself moet laat glo. Hy het almal op sy personeel *(staff)* geken, selfs die skoonmakers. Hy het sommer onverwags by klaskamers ingestap om te sien wat daar aangaan. Hy was ook streng op uniform. Hy glo alles wat gedoen word, moet tot voordeel van die kinders wees.

7 Na sy aftrede in 2018 het Riyaadh gedink dat hy klaar was met die onderwys. Hy wou net rus, tyd saam met sy familie deurbring en sy stokperdjies beoefen. Riyaadh en sy vrou, Rochan, is al 35 jaar getroud. Hulle het ses kinders en 8 kleinkinders. Twee van sy kinders woon oorsee. Riyaadh stap graag, speel domino's en het ook wedvlugduiwe *(racing pigeons).*

8 Die Onderwysdepartment het egter ander planne met Riyaadh gehad. Omdat hy so 'n suksesvolle hoof was, het hulle hom gevra om skole wat swak presteer, te gaan régruk. Vandaar die naam Meneer Regruk!

9 Hoërskool Windsor was die eerste skool waar Riaaydh dinge gaan regruk het. Dié skool het hulle hoof verloor en Riyaadh het gaan help om hulle matriekuitslae te verbeter. Daarna was hy ook by Hoërskool Princeton, Livingstone en toe Alexander Sinton. Riyaadh is 'n rustige mens, maar as dinge nie reg is nie, stel hy dit reg. Terwyl hy by Sinton was, het hy die matrieks se skooldag verleng en ook Saterdagklasse ingestel. Die skool se uitslae hét verbeter.

10 Is hy reg om nóg 'n skool te gaan regruk? "Nee," antwoord Riyaadh. "Alexander Sinton was my laaste. Ek sal altyd bereid wees om raad te gee, maar ek wil nie weer in 'n formele pos as skoolhoof wees nie."

11 Riyaadh se vrou, 'n onderwyseres, was altyd sy steunpilaar. Sy het hom in alles ondersteun *(support)*. Nou kom sy familie – en sy stokperdjies – eerste!

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 18 Februarie 2023]

1.1 VOLTOOI die sinne hieronder deur woorde uit paragraaf 1 en paragraaf 2 in te vul. Skryf net die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) en die antwoord neer.

1.1.1 Riyaadh Najaar het in die ... *(plek)* naby Kaapstad grootgeword.

1.1.2 Sy familie het hom ... genoem.

1.1.3 Sy ouers het hom geleer om altyd ... te wees. (3)

1.2 By watter hoërskool het Riyaadh skoolgegaan? (1)

1.3 Lees paragraaf 3.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Victor Ritchie het gehelp om Riyaadh te laat besluit (watter skool die beste was/watter werk hy na skool wou doen). (1)

1.4 Waar het Riyaadh gestudeer om 'n onderwyser te word? (1)

1.5 Noem TWEE vakke wat Riyaadh vir skoolkinders geleer het. (2)

1.6 "Hy het diep spore by hierdie skool getrap." (Paragraaf 5)

1.6.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde word (letterlik/figuurlik) bedoel. (1)

1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1. (1)

1.7 Skryf EEN sin uit paragraaf 6 neer wat vir ons sê dat Riyaadh altyd die kinders in sy skool eerste gestel het. (1)

1.8 Wat doen Riyaadh graag in sy vrye tyd? Noem EEN. (1)

1.9 Na Riyaadh se aftrede in 2018 het hy rustig by die huis gebly.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.10 Riyaadh het dinge verander as dit nodig was. (Paragraaf 9)

1.10.1 Noem TWEE dinge wat Riyaadh by Hoërskool Alexander Sinton verander het. (2)

1.10.2 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die dinge wat Riyaadh by hierdie skool gedoen het, het (positiewe/negatiewe) gevolge vir die skool gehad. (1)

1.10.3 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.10.2. (1)

1.11 Riyaadh Najaar het sy beste vir skole gegee.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die skool in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.11.1 | Hoërskool Peninsula Suid | A | Onder Riyaadh se leiding het dit 'n topskool geword. |
| 1.11.2 | Hoërskool Spine Road | B | Die beste skool in Kaapstad. |
| 1.11.3 | Hoërskool Windsor | C | Dit is die eerste skool waar Riyaadh na sy aftrede moes gaan help. |
| 1.11.4 | Hoërskool Alexander Sinton | D | Riyaadh se onderwysloopbaan het by hierdie skool begin. |
| | | E | Dit is die laaste skool waar Riyaadh in 'n formele pos was. |

(4 x 1) (4)

1.12 Riyaadh Najaar word Meneer Regruk genoem.

Waarom kan ons sê dat hy verdien *(deserve)* om so genoem te word? (1)

1.13 Waarom was dit goed vir Riyaadh dat sy vrou ook 'n onderwyseres was? (1)

1.14 Hoe help die foto by die artikel jou as leser? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die voorblad hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit *Huisgenoot,* 30 Maart 2023]

1.15 Hoe kan ons SIEN dat die gesin op die voorblad gelukkig is?

Noem EEN voorbeeld. (1)

1.16 Kyk na die opskrif van die artikel oor Lyntjie Jaars.

1.16.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Lyntjie Jaars wys met haar duime na bo. Dit beteken dat dit nou (sleg/goed) met haar gaan. (1)

1.16.2 Skryf TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit die opskrif neer om jou antwoord op VRAAG 1.16.1 te motiveer. (1)

1.17 "Ek verloor die helfte van my gewig in 8 maande".

Hoe pas die prent van die man en sy hemp by hierdie opskrif? (1)

1.18 Waarom sien jy die prys van die tydskrif dadelik raak? (1)

1.19 Kyk na al die opskrifte op die voorblad van hierdie *Huisgenoot*.

Waarom sal die artikels in hierdie tydskrif jou laat goed voel? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: PAS JOU TANDE OP

Mooi tande is belangrik. Hierdie wenke kan jou help om jou tande op te pas.

- Som op in SEWE VOLSINNE **sewe wenke om jou tande op te pas**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees NIE.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

Almal hou daarvan om mooi tande te hê; daarom is dit belangrik dat jy jou tande minstens twee keer per dag met 'n sagte tandeborsel borsel. Om jou tande meer as twee keer 'n dag te borsel, kan nie skade doen nie.

Plaak vorm op die tande teen die tandvleis. Fokus daarop om hierdie plaak teen die tandvleis te verwyder. Plaak wat nie verwyder word nie, veroorsaak vrot tande.

Dit is belangrik om jou tong te borsel. Bakterieë kan ook op jou tong saampak. Dit maak jou tong wit en laat jou mond sleg ruik.

Dit is goed om elke dag jou tande te vlos sodat die plaak tussen jou tande verwyder word. Tandeborsels alleen kan nie hierdie areas tussen die tande skoonmaak nie. Jy kan vlos by alle supermarkte en apteke koop.

Daar is goeie mondspoelmiddels op die mark wat help om bakterieë dood te maak. Gebruik gereeld hierdie mondspoelmiddels vir gesonde tande.

Gaan elke ses maande tandarts toe. So kan jy moontlike probleme met jou tande betyds keer.

Suiker veroorsaak suur wat sleg is vir jou tande. Hierdie suur vreet gaatjies in jou tande wat baie seer kan wees. 'n Mens moet dus nie baie suiker gebruik nie.

[Verwerk uit *Kuier,* 27 April 2023]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Verwerk uit @Vicks.co.za]

3.1 Watter produk word hier geadverteer? (1)

3.2 Wie, dink jy, sal hierdie produk wil gebruik? (1)

3.3 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

Dit is (die/'n) fantastiese produk. (1)

3.4 "Jy sal vinnig die verskil voel!"

3.4.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Hierdie is 'n (feit/mening). (1)

3.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.4.1. (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.5) en die antwoord (A–D) neer.

Die wasem-wolkies pas by die advertensie, want dit wys dat ...

A dit baie koud is.
B die man swaar asemhaal.
C die produk besig is om te werk.
D daar 'n windjie in die kamer waai. (1)

3.6 Gee die INTENSIEWE VORM van "nuut". (1)

3.7 Noem TWEE tegnieke wat die adverteerder gebruik om die advertensie interessant te maak. (2)


3.8 Waarom is dit goed vir lesers dat die adverteerder 'n selfoonnommer en e-posadres by die advertensie insluit? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit Facebook.com]

4.1 Gee 'n ander AFRIKAANSE woord vir "*tjommie*". (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 1.

Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Zandi se gesigsuitdrukking en woorde sê vir ons dat sy (bang/opgewonde) is. (1)

4.3 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE. (RAAMPIE 2)

Zandi sê: "Ek hou nie daarvan nie."

**Begin só:** Zandi sê dat sy ... (1)

4.4 Kyk na RAAMPIE 2.

Hoe kan ons sien dat Mavis op haar selfoon besig is? (1)

4.5 In RAAMPIE 3 sê Mavis: "Zandi, wil jy nie stilbly nie?"

Voltooi die sin hieronder met EEN woord, sodat Mavis op 'n **mooi** manier vir Zandi vra om stil te bly.

"Zandi, wil jy nie ... stilbly nie?" (1)

4.6 Skryf EEN WOORD uit RAAMPIE 3 neer wat beklemtoon dat Mavis twee dinge gelyk kan doen. (1)

4.7 Kyk na RAAMPIE 3.

"Hier kom moeilikheid!"

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Mavis kan nie hierdie woorde hoor nie, want (sy luister nie na Zandi nie/Zandi dink net die woorde). (1)

4.8 Kyk na RAAMPIE 4.

Wat wys die uitroepteken (!) na die woord "BOEM!"? (1)

4.9 Hoe weet ons dat die verkeersman groot geskrik het? (1)

4.10 Hoe word taxibestuurders in die strokiesprent gestereotipeer? (1)
**[10]**

## VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**BLINDE BARISTA SE KOFFIE IS TOPS**

Toe Joseph Matheatau drie (5.1.1) (jaar/jare) oud was, het hy sy regteroog verloor. (5.1.2) (Daarna/Nadat) het sy ander oog ook verswak. Hy het (5.1.3) (heeltemal) blind geword. Sy ma wou alles doen (5.1.4) (haar seun help). Joseph het egter besluit dat hy selfstandig wou wees. Hy weet sy ma (5.1.5) (gaan altyd hier wees).




Na matriek het Joseph gaan (5.1.6) (studie). (5.1.7) (Hy is 'n goeie student). Nou is hy 'n barista by 'n (5.1.8) (koffie+winkel) in Worcester. Hy maak die (5.1.9) (lekker) koffie.

Joseph het studente wat by hom (5.1.10) (leer) om koffie te maak. (5.1.11) (Hy is blind. Hy weet wanneer hulle foute maak). Sy droom is om sy (5.1.12) (uie/eie) besigheid te besit. Hy wil ook graag 'n motor hê en iemand wat dit (5.1.13) (met/vir) hom kan bestuur. Deur (5.1.14) (hard) werk sal hy sy drome waar maak.

[Verwerk uit *Rapport*, 15 Januarie 2023]

5.1.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Toe Joseph Matheatau drie (jaar/jare) oud was, het hy sy regteroog verloor. (1)

5.1.2 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

(Daarna/Nadat) het sy ander oog ook verswak. (1)

5.1.3 Verdeel "heeltemal" volledig in LETTERGREPE. (1)

5.1.4 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

... (haar seun help). (1)

5.1.5 Skryf die gedeelte tussen hakies in die ONTKENNING.

... (gaan altyd hier wees). (1)

5.1.6 Gee die KORREKTE VORM (werkwoord) van die woord tussen hakies.

Na matriek het Joseph gaan (studie). (1)

5.1.7 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Joseph is 'n goeie student. (1)

5.1.8 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Nou is hy 'n barista by 'n (koffie+winkel) in Worcester. (1)

5.1.9 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Hy maak die (lekker) koffie. (1)

5.1.10 Gebruik die HOMONIEM van "leer" in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.1.11 VERBIND die twee sinne hieronder met die voegwoord tussen hakies.

Hy is blind. Hy weet wanneer hulle foute maak. (maar)

**Begin só:** Hy is blind ... (1)

5.1.12 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Sy droom is om sy (uie/eie) besigheid te besit. (1)

5.1.13 Kies die korrekte VOORSETSEL uit dié tussen hakies.

Hy wil ook graag 'n motor hê en iemand wat dit (met/vir) hom kan bestuur. (1)

5.1.14 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Deur (hard) werk sal hy sy drome waar maak. (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**



[Uit: Pinterest.com]

5.2.1 Skryf die GETAL tussen hakies as 'n woord.

Daar is (16) kinders by die sokkerveld. (1)

5.2.2 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die sokkerspelers is almal in dieselfde (skool). (1)

5.2.3 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die kinders se (broek) is swart. (1)

5.2.4 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Johnny skop die bal.

**Begin só:** Die bal word ... (1)

5.2.5 Gee 'n ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Die kinders lyk almal baie (ongelukkig). (1)

5.2.6 Skryf die hele sin oor in die KORREKTE WOORDORDE.

Die kinders (elke dag) (hard) (oefen) om goed te kan speel.

**Begin só:** Die kinders ... (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

*Kopiereg voorbehou*